*Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit Stellenbosch het al menige debat ontlok. Wat is die realiteite waarmee die US moet rekening hou? En wat word gedoen om die posisie van Afrikaans te handhaaf? Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, verskaf die antwoorde.*

Die US is verbind tot die behoud van Afrikaans as volwaardige wetenskapstaal. In vorige skrywes in hierdie ruimte het ek uitgebreid oor die uitdagings en implikasies van hierdie verbintenis geskryf. Dit is teen hierdie tyd algemene kennis dat die tradisioneel historiese Afrikaanse Universiteite bepaalde aanpassings moes maak om aan die breër nasionale behoeftes in tersiêre onderrig uitvoering te gee.

Die implikasies van groter toeganklikheid en diversiteitsbevordering as deel van die nasionale agenda kan nie afgemaak word as "gedienstige politiek" ten koste van Afrikaans nie. Die US is as openbare hoër onderwysinstelling uit eie oortuiging verbind tot diensbaarheid aan die welsyn van die gemeenskap (soos uitgespel in die US se visie). Dit sluit die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap in, en breër.

Wat is die feitelike situasie waarmee ons as Universiteit moet rekening hou in die huidige tydsgewrig en watter tendense moet ons verreken om die volhoubaarheid van die US vir die toekoms te verseker? En hoe impakteer dit op Afrikaans as onderrigtaal? Soos enige verantwoordelike organisasie moet ons kennis neem van die talle invloede en tendense wat op die universiteit inspeel -- sosiaal, ekonomies, polities, tegnologies ens.

Uit analises van sensusgegewens en inskrywingsgetalle van die Departement van Onderwys is dit opmerklik dat die getal Afrikaanssprekende bruin studente aan al die Universiteite in Suid-Afrika vanaf **2002** tot 2008 met slegs **3199** gegroei het (tot 'n totaal van 17802), terwyl die getal Afrikaanssprekende wit studente met 2040 afgeneem het (tot 'n totaal van 90758). In 2008 was daar 799490 studente aan Universiteite in Suid-Afrika ingeskryf.

Alles dui daarop dat die deelname deur wit Afrikaanssprekendes aan hoër onderwys 'n plafon bereik het en dit sal waarskynlik oor die volgende dekade afneem vanweë negatiewe bevolkingsgroei onder hierdie groep en die tendens onder Afrikaanssprekende ouers om hulle kinders in Engels te laat skoolgaan en studeer. Die ontledings toon dat bruin Afrikaanssprekendes verreweg die laagste deelnamekoers aan hoër onderwys het en die koers het oor die afgelope dekade slegs 'n geringe styging getoon.

Dit is 'n sorgwekkende situasie vir Afrikaans en die tradisionele voedersmark van die US. Die situasie word verder bemoeilik deur die tendens dat al meer histories Afrikaanse skole na parallelmedium oorskakel en dat meer leerders Engels as onderrigtaal op skool verkies -- veral bruin leerders in voorstedelike gebiede wat van huis uit Afrikaans is. Hou hierby in gedagte dat die poel bruin Afrikaanssprekende studente wat uit die plattelandse skole gewerf kan word, ook aansienlik uitgedun word omdat ouers van top akademiese kandidate in die platteland meestal hul kinders na skole in stedelike gebiede stuur.

Dit beteken nie dat ons godswater oor godsakker laat loop nie. Feit is, die US se verbintenis tot Afrikaans is nie sonder sy uitdagings nie. 'n Kernfaset hiervan is dat 'n nuwe taalrealiteit in skole (én huise) ontvou wat vir Afrikaans ernstige implikasies inhou en uiteraard op die terrein van die akademie gaan impakteer.

Wat doen die US om sy onderneming teenoor Afrikaans gestand te doen? Kom ons parkeer vir eers die bydraes tot die bevordering van Afrikaans soos die meer as 80 jaar se ondersteuning van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal; die bedryf en instandhouding van die grootste Taalsentrum in die land wat jaarliks sowat R30 miljoen bestee aan

taalsteun, taalontwikkeling en taalslyping; die Woordfees; die navorsingsproses oor verskillende onderrigtaalmodusse wat tans aan die gang is ens.

Ek wil my vir die oomblik beperk tot ons gemeenskapsfokus en wat ons doen om die Afrikaanse stroom uit ons skole na die US te bevorder. 'n Belangrike inisiatief in hierdie verband is die US Skolevennnootskapsprojek wat op verskillende vlakke en reikwydtes werk om hoofsaaklik Afrikaanse skole by ons opvoedkundige pyplyn te betrek. In ons onmiddellike omgewing is 'n groep van 5 skole -- een hoërskool en sy vier voederskole (Cloetesville HS, Cloetesville PS, Rietenbosch PS, Pieter Langeveld PS en Devonvallei PS) waar ons onder meer doelgerigte wetenskap- en wiskunde programme asook naskoolseprogramme wat verskillende vaardighede ontwikkel vir leerders in hierdie Afrikaansmedium skole aanbied.

Buite Stellenbosch betrek ons 'n groep van ongeveer 30 geselekteerde skole in Mitchells Plain, die Boland en op die Kaapse Vlakte. Die rasionaal vir die keuse van hierdie skole is hulle potensiaal om veral bruin Afrikaanssprekende studente vir die US te lewer. Onder die bestaande inisiatiewe tel ons werwingbeursskema; die Maties op die Vlakte-projek (Saterdagskool vir 9 skole in Mitchells Plain met 'n fokus op Afrikaans, Engels, Wiskunde, Wetenskappe en Rekeningkunde); en die Opvoedkunde Saterdagskool (wat tans bygewoon word deur 15 skole waaronder 10 Afrikaans).

In 'n baie wyer konteks werk ons in ongeveer 360 skole landwyd , met die fokus op 77 voorheen benadeelde skole om toekomstige Maties te werf en voor te berei vir universiteitstudie. Hoewel baie aandag aan leerders geskenk word, is 'n sterk klem in die vennnootskapsprojek die ontwikkeling van die kapasiteit van skoolhoofde en onderwysers. Ons glo dat dit die meer volhoubare opsie is waardeur die skoolstelsel en hoër onderwys in die breë ondersteun kan word. Daarom vorm kortkursusse vir onderwysers en skoolbestuurspanlede 'n belangrike deel van die US se Skolevennootskapsprojek.

Onlangs is groot gewag gemaak van 'n naburige universiteit se toekomsplanne om die 5 beste leerders in 20 skole in Khayalitsha na die instansie te lok. Vergelyk dit met die US se SciMathUS-program vir studente wat nie universiteitstoelating kon kry nie. Hierdie program, wat tans 100 leerders per jaar inneem, het die afgelope 10 jaar reeds tientalle onderpresterende leerders verander in goeie presteerders in gebiede soos geneeskunde, ingenieurswese en die handelswetenskappe.

Die oorgrote meederheid is Afrikaansprekende studente van voorheen benadeelde skole en hulle benodig omvattende finansiële steun van die universiteit deur al hul studiejare om suksesvol af te studeer. Die US bestee jaarliks tientalle miljoen rand aan behoeftigheids- en werwingsbeurse. Ek is oortuig daarvan dat ons met meer filantropiese skenkings vir ons beursprogramme nog meer top-presteerders uit benadeelde gemeenskappe sal kan lewer.

Die fondswerwingsveldtog van die US se Hoop Projek (www.diehoopprojek.co.za) is juis daarop gemik om 'n belegging in die sukses van toekomstige geslagte Maties te verseker. Beursprogramme vir die studente wat deur ons vermelde opvoedkundige pyplyn hier moet kom studeer, is 'n kern-aspek hiervan.

Die US se aanvaarde meertaligheidsmodel (met ’n sterk posisionering vir Afrikaans) is dalk nie die utopiese oplossing nie, maar dit maak voorsiening vir verskillende taalmodusse (enkelmediumonderrig, dubbel-mediumonderrig en parallel-mediumonderrig), tolkdienste, vertaling, en studentesteun deur middel van taalmodules en taalverrykte vakmodules in die programaanbod, asook ander vorme van taalontwikkeling, soos skryf- en leesontwikkeling en spesiale steun aan nagraadse studente. Dit bied ruimte vir Afrikaans om te floreer en homself te handhaaf.

Deur hierdie kombinasie van benaderings streef die US daarna om *meertalige studente* te lewer en nie net ’n *meertalige instelling* te wees nie (waar verskillende groepe studente via tolkdienste of via parallelmedium onderrig slegs in Engels of slegs in Afrikaans studeer).

Meertaligheid is nie net ’n integrale deel van die Suid-Afrikaanse nasionale identiteit is nie, maar met die uitgesproke verbintenis van universiteite teenoor die ontwikkeling van inheemse tale sal dit toenemend ’n inherente kenmerk word van die hoër onderwyslandskap. Eindelik is die uitdaging om dit effektief te bestuur met inagneming van kwessies soos studentetoegang en studentesukses.

Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimande, het die belangrikheid van meertaligheid in hoër onderwys reeds maande gelede by geleentheid van die Rondetafelgesprek oor Meertaligheid in Hoër Onderwys, beklemtoon. Verskeie SA HO-instellings het hulleself ook reeds verbind tot die ontwikkeling van inheemse tale, en belanghebbendes het hulleself georganiseer in die *Strategic Interest Group on Multilingualism in HE.*

Dit lyk dus of die tyd ryp is om weereens die kwessie van finansiële ondersteuning vir meertaligheid in hoër onderwys (deur die Minister en sy department) op die tafel te plaas. Afrikaans as medium van onderrig (by meerdere universiteite) kan net hierby baat vind. En terwyl hierdie prosesse aan die gang kom, gaan ons gevestigde inisiatiewe voort om Afrikaans in ’n meertalige konteks te bevorder.

Einde.